06 November 2019

Geagte Ouers/Voogde

***SKOOLFONDS 2020***

U word vriendelik versoek om hierdie omsendbrief **BAIE NOUKEURIG** te lees en dit op ‘n **VEILIGE PLEK** te bêre vir verwysing deur die loop van 2020.

**LET WEL: Hierdie vorm moet ELKE jaar volledig ingevul en teruggestuur word skool toe.**

Laerskool Stellenbosch hef, volgens wet, verpligte skoolgeld ten opsigte van elke leerder. Betaling hiervan is onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. **Beide die vader en moeder en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerder is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van skoolgeld.**

2. Betaling moet stiptelik teen die betaaldatum geskied. Skoolgeld kan volledig betaalbaar word aan die begin van die akademiese jaar. Indien maandelikse betaling aangebied word, moet betaling stiptelik voor of op die 2de dag van elke maand vanaf Januarie tot November geskied. Die ouer/voog dra uitdruklik self verantwoordelikheid vir die betalingswyse gekies, d.w.s per debietorder, kontant of elektroniese oorplasing**. Sou enige betaling nie teen die betaaldatum ontvang word nie, word die volle uitstaande jaarbalans van skoolgeld, soos op datum van nie-betaling, onmiddellik volledig betaalbaar. Laerskool Stellenbosch mag dan, sou volledige betaling nie onmiddellik geskied nie, die volle bedrag vir invordering oorhandig.**

3. Indien agterstallige skoolgeld oorhandig word vir invordering, word die ouer/voog aanspreeklik gehou vir alle invorderingskommissie, kostes en fooie.

4. Deurlopende kommunikasie tussen ouer en finansiële kantoor sal administrasie van die skoolfondsrekening vergemaklik.

**Indien die persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van u kind/ers se skoolfonds, nie hierdie omsendbrief ontvang nie, is dit u plig om toe te sien dat die inhoud hiervan aan hom/haar bekend gemaak word.**

***DIE VOLGENDE VIR U INLIGTING:***

Die begroting van die skool vir die jaar 2020 is gedurende September 2019 opgestel en op 05 November 2019 tydens 'n vergadering aan die ouers voorgelê. Die begroting is eenparig deur die aanwesiges op hierdie vergadering aanvaar.

1. ***Skoolfonds vir 2020 is:***

***Eekhorinkies en Gr R*** **: R20 154** per kind **ingesluit R1 550 deposito** reeds betaal aan einde van 2019. **Skoolfonds per maand is R1 691/maand (Jan tot Nov).**

***Gr 1*** **: R19 554** per kind **ingesluit R950 deposito** reeds betaal aan einde van 2019.
**Skoolfonds per maand is R1 691/maand (Jan tot Nov).**

***Gr 2 tot Gr 7*** **: R18 604** per kind en beloop **R1 691/maand (Jan tot Nov).**
**Afslag vir vroeë betaling:**
As u in aanmerking wil kom vir **R930** afslag, moet u voor of op **1 MAART 2020** die rekening ten volle betaal – die bedrag is dus **R17 674.**

**2.. Debietorderbetalings:**

*Kontroleer asb. op 'n* ***gereelde basis*** *u bankstaat of u* ***debietorderaftrekking*** *wel plaasvind. Stel ons asb. onmiddellik in kennis indien u probleme ondervind, of indien u* ***debietorder gekanselleer*** *moet word, of indien u* ***bankbesonderhede verander****.*

***U moet elke jaar 'n nuwe debietorder magtigingsvorm invul, onderteken en by die finansiële kantoor inhandig, die huidige jaar se magtiging is nie geldig vir 2020 nie.***

**3. Betalings per kontant:**

Die volgende is baie belangrik en ons vra asseblief u samewerking in dié verband om die administrasie glad te laat verloop:

3.1 Alle betalings moet asb. in 'n koevert geplaas word, met die volgende inligting daarop:
**LEERDER SE NAAM EN VAN;**
**GRAAD;**
**KLASONDERWYSERES en**
**REKENINGNOMMER. Dit sal op u eerste rekening verskyn en u rekeningnommer sal deurgaans dieselfde bly.**

3.2 Handig asb. by die **Finansiële Kantoor** in.

**4. Aansoek om finansiële hulp:**

Ouers wat nie die skoolfonds kan bekostig nie, mag aansoek doen om finansiële hulp. Kriteria word deur die Departement van Onderwys bepaal en slegs ouers wat aan die kriteria voldoen, sal in aanmerking kom vir finansiële hulp**.**

4.1 Die aansoek moet gerig word aan die **Beheerliggaam, Laerskool Stellenbosch: Finansiële hulp.**

4.2 **Aansoeke vir 2020** moet ons nie later as **29 November 2019** bereik nie (**<u>2019 se aansoeke is nie geldig vir 2020 nie</u>).** Aansoekvorms is verkrygbaar van mev **Liza Venter** by die finansiële kantoor.

…………………………………….
**RUDI JANSEN**
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**

**VIR AANDAG : FINANSIëLE KANTOOR**
**SKOOLFONDS-ANTWOORDBRIEF**

**ALLE OUERS**!

- Hierdie inligting is vir ons van **uiterste belang**.
- Voltooi en stuur asseblief voor of op **Vrydag 22 November 2019** terug per e-pos na liza@lstellen.co.za of elmarie@lstellen.co.za. Alternatief kan u dit saam met u kind na die klasonderwyser/es stuur.

**Keuse van betaalwyse vir 2019: (**Merk met 'n **X in die blokkie** van u keuse: d.w.s. opsie 1, 2 of 3)

## Let wel: Ons versoek u vriendelik om asseblief by die keuse van u betaalwyse te hou, aangesien u rekening daarvolgens gehef word.

[ 1 ] **'n Eenmalige betaling** van **R17 674** betaalbaar voor/op **1 Maart 2020.**.
(***d.w.s. R18 604 - R930***)

[ 2 ] **Betaling per debietorder:** 11 maandelikse aftrekkings van **R1 691** vanaf **2 Januarie 2020 tot 2 November 2020** (Sluit asseblief die voltooide debietordervorm hierby in).

[ 3 ] **Maandelikse elektroniese oorbetaling** van **R1 691** in die tjekrekening van Laerskool Stellenbosch **vanaf 2 Januarie 2020 tot 2 November 2020**.
**ABSA Stellenbosch, takkode 33 44 10, rekeningnr. 410 493 578**.
Gebruik asseblief die **unieke kode op u PASTEL rekening** as verwysing. Kontak die Finansiële Kantoor indien u onseker is.

---

[ ] Ek is van mening dat ek kwalifiseer vir gedeeltelike of volle kwytskelding van betaling van skoolgelde en sal dus daarvoor aansoek doen. Ek is ingelig dat bogenoemde vorm beskikbaar is by die Finansiële Kantoor. **Ek onderneem om voor 29 November 2019 die aansoek terug te besorg aan die Finansiële kantoor. Vermindering/vrystelling is nie terugwerkend nie; is dus geldig vanaf datum van aansoek.** Ek sal, gebaseer op die vermindering toegestaan, gelyke betalings maak ten opsigte van die balans. (***Dui aan met 'n kruisie in die blokkie hierbo***)

Deur die ondertekening van hierdie dokument aanvaar ek die bostaande bepalings en onderneem om die skoolgeld stiptelik te betaal soos ek hierbo aangedui het.

Geteken op die …….. dag van …………………………………20….. te ……………………………………………

| | |
|---|---|
| …………………………… | …………………………… |
| HANDTEKENING | HANDTEKENING |
| Vader/Voog | Moeder/Voog |

Volle naam en van van vader/voog:

.......................................................................

IDnr:.................................................. **e-Pos** ..................................................

Huwelikstatus: Getroud/ Ongetroud/ Geskei/ Wewenaar/ Vervreemd

Adres (woon en pos):

.................................................. Tel (h)..................................................

.................................................. Tel (w) ..................................................

.................................................. Sel ..................................................

.................................................. Faks ..................................................

Naam en adres van werkgewer:

.................................................. Beroep: ..................................................

.................................................. Tel..................................................

Volle naam en van van moeder/ voog:

.......................................................................

IDnr:.................................................. **e-Pos** ..................................................

Huwelikstatus: Getroud/ Ongetroud/ Geskei/ Weduwee/ Vervreemd

Adres (woon en pos):

.................................................. Tel (h)..................................................

.................................................. Tel (w) ..................................................

.................................................. Sel ..................................................

.................................................. Faks ..................................................

Naam en adres van werkgewer:

.................................................. Beroep: ..................................................

.................................................. Tel..................................................

Hiermee gee ek toestemming dat bogenoemde e-pos adresse en selfoonnommers deur die skool gebruik mag word vir kommunikasie. Ek verklaar dat die inligting hierbo verskaf korrek is en dat ek die skool tydig skriftelik in kennis sal stel van enige veranderinge.

..................................................
Vader/Voog

..................................................
Moeder/Voog

**Naam en van van leerders:** 1. .................................................. Graad (2020): ...................

(*van oudste na jongste*) 2. .................................................. ...................

3. .................................................. ...................

**LAERSKOOL STELLENBOSCH**
**SKOOL DEBIETORDER 2020**

**PERSOONLIKE BESONDERHEDE**

VAN:________________________________________________

EERSTE NAAM EN VERDERE VOORLETTERS:____________________________

ID NR:______________________________________________

TELEFOON:________________(H)________________(W)________________(S)

**BANKBESONDERHEDE**

NAAM VAN BANK:________________________________________

TAK:________________________________________________

TAKKODE:________________REK NR:____________________________

MERK DIE TOEPASLIKE BLOKKIE:

TJEKREKENING ☐ SPAARREKENING ☐ TRANSMISSIEREKENING ☐

BANKREKENING IN NAAM VAN:__________________________________

1. Ek magtig Laerskool Stellenbosch om my bankrekening te debiteer met die bedrag van die maandelikse skoolfonds, insluitende agterstallige skoolfonds deur my verskuldig waarvan ek vooraf kennisgewing gehad het.

2. Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekkings teenoor my rekening te behartig, geen van sy regte aan ’n derde party mag afstaan of sedeer sonder my skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie, en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie magtiging aan ’n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie.

3. **Betalings geskied op die TWEEDE dag van die maand met die eerste betaling in Januarie 2020 en die laaste betaling in November 2020. Indien die transaksiedatum op ’n naweek val, sal die transaksie die volgende werksdag plaasvind.**

4. **Indien die debietorder twee keer deur die bank as onbetaald teruggestuur word, mag die debietorder deur Laerskool Stellenbosch gekanselleer word. In die geval wat Laerskool Stellenbosch die debietorder moet stop, sal ek self verantwoordelik wees vir die oorbetaling van die uitstaande skoolgeld**.

5. Ek verstaan dat die onttrekkings wat hiermee gemagtig word deur ′n rekenaar verwerk sal word deur middel van ′n stelsel bekend as die ACB-magneetbanddiens, en ek verstaan ook dat die besonderhede van elke onttrekking op my/ons bankstaat of op ′n bygaande strokie gedruk sal wees.

6. Ek stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal.

7. Hierdie magtiging kan deur my gekanselleer word deur die skool skriftelik dertig dae kennis te gee wat per vooruitbetaalde geregistreerde pos versend word, maar ek verstaan dat ek nie op ′n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl die magtiging van krag was indien sodanige bedrae regtens aan u verskuldig was nie.

____________________ ____________________
HANDTEKENING DATUM

BESONDERHEDE VAN KINDERS IN SKOOL:

| NAAM EN VAN | GRAAD 2020 | KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |